

Saterdag 9 Mei

Skrifgedeelte: Matteus 26:36-56

Fokusgedeelte: Matteus 26:42

Tot die uiterste vir die Vader se eer!

In hierdie gedeelte sien ons hoe Jesus hartseer en bang is oor dit wat gaan gebeur (vs 37). Die lydensbeker wat Hy moet drink, is swaar en moeilik, die omvang daarvan is eintlik onmoontlik om in woorde vas te vang.

Let maar op hierdie gedagte van vers 38 dat Jesus “doodsbenoud” geraak het hieroor. Jesus was op aarde om die Vader te eer deur sy lewe te gee vir die mensdom wat in sonde verlore geraak het. Ons sien hier hoe Hy worstel en bid: “Vader, laat hierdie beker by my verbygaan, maar nogtans nie My wil nie, maar U wil.” Daarom stel Hy Hom gewillig vir die werk wat Hy moet doen, omdat Hy weet dat dit die wil van die Vader is (vs 54) ongeag hoe groot en menslik ondraaglik die lyding onder God se straf oor die sonde van die mens is.

Dit is baie mooi om raak te sien en ’n voorbeeld om te volg: die Vader het Hom gestuur en Hy was gewillig, al was dit hoe swaar en moeilik. Hy oorwin aan die kruis en vervul sy roeping. In sy oorwinning slaag Hy in sy doel, vir ewig. Hy is ewig die Oorwinnaar en Koning oor alles, aan Hom is gegee alle mag in die hemel en op aarde (Matt. 28:18).

As dissipels van Jesus hoef ons, deur die volmaaktheid van Jesus se offer in die genade en liefde van God, nooit vir ons sondes betaal nie, ons kan dit trouens nooit doen nie. Dit is in Jesus alleen wat ons verlos is en daarby saam ook vol van die Heilige Gees ’n nuwe lewe gegee is. Ons moet egter ’n lewe leef waar ons onder die roeping van God Jesus Christus, ons Here, elke dag aktief en vol vrug volg. Elke oomblik bely “Vader, nie my wil nie, maar u wil” en aktief in sy wil leef.

Dit is so dat die uitleef van hierdie roeping ons “bang” maak en dat dit moeilik is, maar dit is ook so dat Jesus ons Here en ewige Oorwinnaar ons hierin bekwaam maak, rig en in sy mag uitstuur.

Sing: Psalm 49-1:1, 6

Ds. RJ Pretorius (Rynhardt) (Buffeldoorns)